

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Heydenreich (119/84) [1984] ZASCA 112 (25 September 1984)

[1984] ZASCA 112

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Kotzé, Viljoen, Galgut, Eloff, Smalberger

CASE / FILE NUMBER

119/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

JOHAN WILHELM HEYDENREICH AppellantenDIE STAAT Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÉLAFDELING) In die saak tussen:JOHAN
WILHELM HEYDENREICH Appellanten

DIE STAAT Respondent

Coram: KOTZÉ, VILJOEN, ARR., GALGUT, ELOFF et SMALBERGER,Wn. ARR. Verhoor: 20
September 1984 Gelewer: 25 September 1984

UITSPRAAK KOTZÉ, AR.:

Dit is 'n appèl hierdie teen die afwysing deur die Transvaalse Provinsiale Afdeling (NICHOLAS en ACKERMANN, RR.) van die appellant se aansoek om kondonasie vir die

laat /2-2-laot indiening van hoofde van betoog en die daaropvolgende verwydering van die sakelys van sy appèl in 'n strafsak.

Reël 47bis(a) van die Reëls waarby die verrigtinge van die Transvaalse Provinsiale Afdeling gereël word, bepaal as volg:

"Wanneer die prokureur-generaal, kragtens subreël (1) van reël een-en-vyftig van die reëls waarby die verrigtinge van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word en afge-kondig by Goewermentskennisgewing No. R. 48 van 12 Januarie 1965, kennis gee van die terrolleplasing van 'n strafappel kan hy na goeddunke die appellant kennis gee dat hoofde van betoog nodig is wanneer die appèl

aangehoor /3

-3-

aangehoor word. Manneer sodanige kennis gegee word, moet die appellant minstens een maand voor die dienende dag van die appèl of, indien kort kennis vir die aanhoring van die appèl gegee word, so spoedig moontlik, 'n bondige en saaklike opgawe van die hoofpunte wat hy op appèl wil aanvoer, aan die prokureur-generaal en twee afskrifte daarvan aan die griffier aflewer.

Naas hierdie reël geld ondervermelde reël van die praktyk soos deur COLMAN, R in S. v Basi, 1976(4) S.A. 799 (T) op 800 A-B neergelê:

"In future there will be a more stringent approach to matters of this kind. The notice of set down of a criminal appeal in which heads of argument are called for will specify the date

by /4

-4-

by which those heads must be filed so that there can be no misunderstanding or excusable error in the determination of that date. Furthermore, with the approval of the JUDGE PRESIDENT the following rule of practice is now laid down: It is only in exceptional circumstances that the late filing of heads of argument will be condoned, and the error or oversight of a legal practitioner or his employee will rarely, if ever, be treated as a ground for condonation."

Die relevante feite van die onderhawige appèl

kan kort gestel word. Nadat 'n vonnis van sewe jaar gevangenisstraf (waarvan drie jaar opgeskort is) aan hom op sewe klagte van bedrog deur 'n streeklanddros opgelê is, het die appellant hom by wyse van hoër beroep tot die Transvaalse Provinsiale Afdeling gewend. Die appèl is

op /5-5-op 24 Mei 1982 ter rolle geplaas maar is op gemelde datum op versoek van die appellant persoonlik sine die uitgestel vanweë die onttrekking van die appellant se prokureur weens die appellant se onvermoë om die prokureur se gelde te dek. Ofskoon hoofde van betoog reeds voor 26 April 1982 ingedien moes gewees het, het dit weens gemelde onttrekking nie gebeur nie. Na 24 Mei het die appellant van adres verander maar die prokureur-generaal en griffier nie daarvan verwittig nie. Die polisie, by wie die appellant gereeld ingevolge sy borgvoorwaardes moes aanmeld, was bewus van sy nuwe adres en hy het, soos hy in sy aansoek verklaar, "foutiewelik gedink" dat hulle dit by die regte oord sou aanmeld. Die appellant het om en by 19 Augustus 1982 aan sy nuwe prokureur opdrag gegee om voort te gaan met

die /6

-6-

die appèl . Die appèl was intussen, sonder dat hy bewus was daarvan, reeds ter rolle herplaas en wel op 2 September

1982. Weens die adresverandering het die appellant nie die prokureur-generaal se kennisgewing van terrolleplasing ontvang nie. Gemelde kennisgewing het, ingevolge die reël neergelê in Basi se saak, bepaal dat hoofde van betoog teen 2 Augustus 1982 ingedien moes word. Die appellant se nuwe prokureur het kort na hy die opdrag, soos hierbo vermeld, ontvang het,

vasgestel dat die kennisgewing van terrolleplasing na die ou adres gestuur is en nie afgelewer is nie en dat die prokureur-generaal na 2 Augustus 'n aansoek ingedien het dat die appèl van die rol verwyder word weens versuim om die hoofde van betoog in te dien. Die appellant het op

25 Augustus /7-7-25 Augustus aansoek om kondonasië vir die laat indiening van sy hoofde van betoog ingelewer en het terselfdertyd hoofde van betoog beteken aan die griffier. En op 2 September 1982 het die Provinsiale Afdeling die aansoek om kondonasië soos aan die begin van hierdie uitspraak vermeld, afgewys. NICHOLAS, R. het die grond van sy uitspraak sonder omslagtigheid gestel:

"This application is opposed by the Attorney-General who points out that the matter was previously before the Court on 24th May 1982 when it was postponed at the instance of the appellant. Since then the appellant has done nothing. He has simply ignored the pending proceedings. In those circumstances it seems to us that the appellant has not made out a proper case for condonation ..."

Hierdie /8

-8-

Hierdie appèl geskied sonder verlof ingevolge art. 21(1) van die Wet op die Hooggeregshof, 59 van 1959. (S v Tsemi, 1984(1) S.A. 565 (A) op 570 A-C).

In 'n aansoek om kondonasië is die vooruitsigte op

appèl in die reël 'n belangrike oorweging: waar die kanse op sukses rooskleurig is, mag dit wel 'n ernstige nie-nakoming van die hofreëls oorskadu. Of aan die ander kant waar daar geen vooruitsigte op sukses, of selfs karige vooruitsigte is, sou dit sinloos wees om kondonasië te verleen selfs waar die graad en erns van die versuim om hofreëls na te kom nie ernstig is nie en bevredigend verduidelik word - Melane v Santam Insurance Co Ltd, 1962(4) S.A. 531 (A) op 532 C-E. In die onderhawige geval het die

Hof---/9

-9-

Hof a quo dit nie nodig gevind om die vooruitsigte te oorweeg nie ofskoon die aansoek redes aanvoer op grond waar-van hy "onskuldig bevind moes word". Voor hierdie Hof het die Staat sigself beperk tot 'n vereenselwiging met die benadering van NICHOLAS, R. In hierdie verband is dit dus paslik dat hierdie Hof die houding inneem dat hoe minder gesê word hoe beter. Dit geld soveel te meer omdat die notule van die verhoor in 'n swak toestand is en dit, weens gebreke daarin, moontlik is dat die meriete van die appèl teen skuldigbevinding sowel as vonnis nie regverdig beoordeel kan word nie. Ek gaan dus terstond oor tot oorweging van die oorblywende vraag nl of die graad en erns van die appellant se versuim

hom /10-10-hom die voorreg van kondonasië ontnem.

Deur die aansoek te benader op die grondslag dat die appellant sedert 24 Mei niks gedoen het nie en "simply ignored the pending proceedings", het die Hof a quo 'n dwaling begaan. Die appellant het wel iets gedoen: hy het sy onvermoë om regshulp te bekom te bowe gekom binne die redelike kort bestek van drie maande na die uitstel sine die, opnuut reëlings met 'n ander prokureur getref en hom spoedig opdrag gegee om met die appèl voort te gaan. Binne 'n week, en 'n week voor die appèl weer aangehoor sou word, het gemelde prokureur 'n aansoek om kondonاسie en hoofde van betoog ingedien. Weliswaar het, vanweë die versuim van die appellant om sy nuwe adres aan die prokureur-generaal te

verskaf /11

-11-

verskaf, die kennisgewing van herplasing en die oproep om voor 2 Augustus hoofde van betoog in te lewer die appellant, nie bereik nie. Dit was egter geen ernstige of opsetlike versuim nie. Dat hy onbewus was dat hy sy nuwe adres ook by die prokureur-generaal moes aanmeld behoort nie in 'n te ernstige lig beskou te word nie aangesien die leek immers nie in die normale loop van sake op hoogte is van die tegniese vereistes van hofreëls en nog minder van die howe se reëls van praktyk nie. Na my oordeel kan die appellant ook nie te ernstig verkwalik word omdat hy geglo het dat dit voldoende is dat die polisie te alle tye bewus was van sy verblyfplek nie. Ek vind dit moeilik om die appellant se versuim, in die lig van al die bovermelde

omstandighede /12

-12-omstandighede, as ernstig of laakbaar aan te merk en is die mening toegedaan dat kondonاسie aan hom verleen behoort te word.

Soos reeds vermeld is die notule van die verhoor in 'n swak toestand en kan dit moontlik aanleiding gee tot probleme by die aanhoor van die appel. Ofskoon die notule aan die einde daarvan op bladsy 102 'n sertifikaat deur die kontrakteurs se oorskryfster bevat dat "voorafgaande 'n ware en juiste oorkonde is van die verrigtinge" word dit geken-merk deur talle weglatings, onsamehangendhede en die nie-byvoeging van minstens een bewysstuk - die verslag van 'n psigiater. Graag spreek ek die vertrouwe uit dat beide die landdros en die prokureur-generaal hul goedgunstige

dienste /13

-13-dienste sal aanbied om 'n poging aan te wend om die saakstuk-ke reg te stel.

Die appèl slaag. Die laat-indiening van die appellant se hoofde van betoog word gekondoneer.

APPÈLREGTER

VILJOEN AR.)

GALGUT Wn. AR.) ELOFF Wn. AR.) stem saam

SMALBERGER, Wn. AR.)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/112.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-heydenreich-unknown-topic-asca-1984>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria